KOMMODITEITE

SOJABONE KRY GROTER PARSVERMOË

Die toetrede van groot maatskappye, toegerus met die nuutste tegnologie, sal Suid-Afrika se parsvermoë vir sojabone volgende jaar tot meer as een miljoen ton verhoog.

'n Tekort aan olie en oliekoek sal egter steeds voort duur, sê mnr. Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingstigting.

Daar word gespekuleer dat sommige parsers dalk sojabone gaan invoer. Of dit sal realiseer al dan nie, pryse sal naby invoerpariteit wees, 'n neiging wat vir 'n geruime tyd sal voortduur.

Die onlangse aankondiging oor inmengmaatreëls vir biodiesel sal 'n verdere uitwerking op die vraag na sojabone en sojaprodukte hê, maar die omvang kan nog nie bereken word nie. Boonop het die rand verswak en word daar nie voorsien dat dit binnekort noemenswaardig sal herstel nie.

Daarbenewens is invoertariewe op braaihoenders aangekondig. Saam met die verswakte rand sal dit veroorsaak dat die plaaslike produksie van braaihoenders verhoog, wat verdere druk op die sojaboonbedryf sal plaas.

Geen ander akkerbougewas kon in die verlede so sterk groei en so 'n groot tonnemaat winsgewend produseer soos sojabone nie. Hierdie voorspoed kan maklik nog vir die volgende tien jaar volgehou word, wat 'n wen-wen-situasie is en ongetwyfeld deur sojaboonboere benut sal word. – CHARL VAN ROOYEN